# HERFSDANKFEES 2016

Ons Herfsdankfees is om die draai! DV op 11 Maart vanaf 17:00 hou ons weer in en om die kerksaal lekker basaar! Die speletjies en vir die kinders begin om 16:00 en drinkgoed, pannekoek en die kindertafel se items sal dan al beskikbaar wees. Om 17:00 open die ander tafels en die Hap-en-Trap in die kerksaal. Ons wil u almal nooi om lekker te kom saamwerk en saamkuier. Dit is hier waar ons mekaar beter leer ken en lekker bande smee. Ons gee vir u al die konvenors se telefoonnommers en vra vriendelik dat u sal skakel om u hulp aan te bied—ons het elkeen se hulp nodig!

- **KLEINKOEKIES:** Driekie en Angelique Strydom 6912955
- **BESKUIT en BROOD:** Marina Claassen 6912880
- **KOMBUIS:** Selma de Klerk 0845500554 en Cecile Roux 6912498
- **SOSATIES EN HOTDOGS:** Aletta Hanekom 6932710
- **POEDING:** Annie van Zyl 6930440(H) of 6911010(W)
- **KINDERTAFEL:** Jeanne Smit 6911450 of 0842843378
- **PANNEKOEK:** Ina J. van Rensburg 6903151 of 0823979433
- **GROOT KOEKE/TERTE:** Elise Claassen 6912813
- **KERRIEVIS:** Willa Thomas 0826643968
- **DRINKGOED:** Susan Muir 6903423(H) of 6950154/5(W)
- **WIT OLIFANTE:** Dries Wheeler 6934504
- **DIE SPENS:** Carina Beyers 0825643633 of 6912426
- **TUISGEMAAKTE LEKKERS:** Elise Herselmann 6933776 of 0835606781
- **PASTEIE:** Tokkie Marx 6903509
- **VLEIS/MARKTAFEL:** André Kritzinger 6932462



Die volgende word benodig:

- Wildsvleis en hoender vir die pasteie
- Skaap, bees, en varkvleis vir die vleistafel
- Polistreenbakkies en foelieborde
- 2L Roomysbakke
- Margarien (nie lae vet), kookolie, eiers, koekmeel, langlewe melk
- Wit olifante, poedings vir die tafel



ONS EER GOD MET LIEFDEVOLLE OMSIEN EN UITREIK

# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

## AFKONDIGINGE: 14 FEBRUARIE 2016

*"Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is" (Efes. 1:3).*

## PROGRAM VIR VANDAG

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Jeugwerk.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 gaan na die kinderoomblik na die Kinderkerk in die saal. Gr 7-8 se kategese is na die diens in die saal. Geen Gr 9 kategese nie. Gr 10 by soos onderling gereël. Gr 11 vergader 18:00 by ds Danie.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee sal u graag na die diens voor die kansel wil ontmoet.

## VOLGENDE SONDAG



**EREDIENS:** ***Derde Lydenssondag.*** Om 09:00 in die kerkgebou (ds Danie) en op Vleesbaai (ds Robert).

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir BADISA.

**KATEGESE:** Soos vandag.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos gewoonlik. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

| | |
|---|---|
| Ds Danie: | Maandag om 15:00 in Santos 2 se sitkamer. |
| | Dinsdag om 09:30 in die konsistorie. |
| Ds André: | Dinsdag vergader om 09:30 in die kerksaal. |
| Ds Robert: | Dinsdag om 09:00 Bybelstudie te 17de Laan 18 pastorie. |
| | Dinsdag om 19:00 Tienie Bothastr, huis van Annie van Zyl. |
| | Woensdag om 18:00 gr 10 kategese te 17de Laan 18. |
| | Donderdag om 09:00 Rietvlei en Vleesbaai Bybelstudie (Vleesbaai in kerksaal, Rietvlei soos gereël). |
| | Donderdag: Boekleesgroep om 19:00 te 17de Laan 18. |

**Dinsdag:** Gebedsbyeenkoms om 17:15 in die konsistorie.



**Woensdag:** Santos Haven Biduur om 15:30 (ds Danie).

**Vrydag:** Om 06:00 bid die manne saam in die "gat" onder die saal se verhoog.

## BELANGRIKE INFO

**DEURKOLLEKTE:** Sinodale offer vir Instandhouding was R2 578-10.

**OESMAAND KOSKAS:** FEBRUARIE is **Streek B** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of u kerkraadslid afgegee word. Navrae Joey telnr. 073 2988 142.

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker filterkoffie en tee word weer na die diens in die kerksaal bedien. Kom kuier gesellig saam en leer ken mekaar — dit help almal om meer tuis te voel.

**NEELS EN ESMé MEYER:** Sende-linge by Torings van Hoop in Bloemfontein—Bid asb vir Neels en Esmé. Hulle gaan deur 'n besondere moeilike tyd. Hulle werk met vrouens in prostitusie, en is goed op dreef met 'n projek om 'n paar vrouens van 'n inkomste te voorsien, wat hul gehelp het om uit prostitusie te kom. Die projek is tans weens faktore buite Neels en Esmé se beheer in gevaar om dood te loop. Dit sal beteken die vroue sal weer terugval in prostitusie om 'n inkomste te kry. Dit is 'n tyd van groot ontwrigting vir hulle. Bid dat die projek kan voortgaan, en dat Neels en Esmé wysheid sal kry oor die pad vorentoe.

**WEBWERF:** Ons gemeente het weer 'n aktiewe webwerf. Besoek gerus www.suidkerkmsb.co.za en gee dit ook vir vriende of kinders in die buiteland om op dié manier op hoogte te bly.

**WELKOM ALLE JONGMENSE:** Sondae aande vanaf 6-8nm word KRUISPAD gehou. 'n Tydjie waar jonges bymekaar kan kom en koffie en hot chocolate gedrink kan word, terwyl pool gespeel word en ander lekker aktiwiteite. Behalwe al die bogenoemdie is KRUISPAD die plek waar jongmense saam kan praat oor God en gemaklik met mekaar kan kuier. Sien julle daar! (Graad 8-12)

**VOORSKOOLSE KLEUTERS:** En hul ouers is baie welkom om elke Sondag direk na die erediens in die konsistorie bymekaar te kom vir 'n kort saamkuier geleentheid. Kontak gerus Elizé Nel 083 554 8188 vir navrae.

**VONKELVROUE:** 25 Februarie om 19:00. Bessie Badenhorst vertel van haar 20 dae staptog van bykans 500km op die Pelgrimspad van Jakobus, die Camino de Santiago in Spanje. Koop jou kaartjie vir R10 by die deur en wees verseker van 'n heerlike bakkie vrugteslaai. Handwerk te koop, so bring 'n ekstra geldjie. Uitstallers welkom. Bring tydskrifte en dagboeke om uit te ruil. Vir navrae kontak Elizabeth 073 420 6707.

**SOPKOMBUIS ALMA-KLINIEK:** Loof die Here, ons kon nog 2 spanne maak! As daar mense is wat wil help om ekstra sop en brood te maak, kontak ds André.

**VLEISTAFEL:** Ons begin aankope doen vir die vleistafel (bees, vark, speserye, derms). Vleispryse het sedert ons lente-dankfees baie gestyg. As u 'n kontant donasie kan gee, sal dit waardeer word.

**SKOOLSEUN:** Baie dankie aan almal wat bygedra het – ons kon hierdie maand se bedrag oorbetaal. Ons sperdatum is elke keer die 10de van die maand. Teen Saterdag het ons net meer as 'n vyfde van die bedrag gehad. Teen Dinsdag, een dag voor die sperdatum, het ons die volle bedrag vir die maand gehad. Ons dank die Vader wat ons ongeloof tegemoet gekom het, en elkeen op wie se hart Hy dit gelê het om by te dra.

### RIETVLEI BRAAI

26 Februarie vanaf 17:00. Braaivleis en slaai R60, poeding R10. Bring eie houers vir wegneem. Rou vleis te koop.





# GEBEDSBULLETIN

## *Tema vir Februarie: Luister na die Bybel*

**Dank die Here hierdie week vir:**

* Bybelverspreiding asook die vertaling in tale waar nog net gedeeltes beskikbaar is.
* Die Gideons wat die Bybel plaas in skole, hotelle, gastehuise, spreekkamers en hospitale.
* Talle skole waar die Bybel nog gelees en gevolg word.
* God se sorg en voorsiening in die natuur.

**Bid hierdie week vir:**

* Toewyding, selfondersoek en verootmoediging in Lydenstyd.
* Effektiewe bestuur en instandhouding van die gemeente se eiendom.
* Voorbereiding vir Rietvleibraai en Herfs-dankfees.
* Vorbereiding vir die Paasfees met blomme.
* Neels en Esmé Meyer by Torings van Hoop (Bloemfontein) se Thessa projek beleef tans 'n krisis tov die voortbestaan. Bid en vertrou die Here saam vir 'n deurbraak.
* Junie/Julie se uitreik na Botswana. Bid vir voorsiening.
* Plaaslike verkiesings later vanjaar.
* Ons land: droogte-hulp projekte.

**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

Ria Steyn Santos Haven 42, Ansie Dippenaar Kenani, Gideon Huysamen Fijnboschpark, Charles Moore Swarthoutstr, Eben Beukes Kameeldoringstr, Koos Alberts Da Gamastr, Shirley Oosthuizen Heidevilla, André Goetz Vleesbaai

**INNIGE MEEGEVOEL:**
Neels Greylingh Protea-aftreeoord

**NG DROOGTEHULPFONDS:** Die Algemene sinode het 'n droogtehulpfonds tot stand gebring waardeur ons getuienis 'n positiewe bydrae in die land kan lewer. Die mikpunt van die fonds is R2milj, en daar is reeds amper R650 000 ingesamel. As daar enige iemand anders in die gemeente is wat 'n projek wil aanpak om op 'n ander praktiese manier mense wat met die droogte swaar kry te help, is hulle welkom om vir Ds Robert te skakel by 044-6912244. Die bankbesonderhede van die NG Droogtehulpfonds is as volg: Absa bank (tjek), Rekeningnaam: NG Kerk in SA, takkode: 632 005
Rekeningnommer: 407 842 5238
Verwysing: Naam en Van of "Droogtehulp" as jy anoniem wil bly.

| | | | |
|---|---|---|---|
| *Kerkkantoorbesonderhede:* | *Ure:* | *Maandag* | *11:00—12:30* |
| | | *Dinsdag—Vrydag* | *07:30—12:30* |
| *Tel/Faks:* | *044-690 3552* | | |
| *Epos:* | *ngkerkmsb-suid@absamail.co.za* | | |
| *Webwerf:* | *www.suidkerkmsb.co.za* | | |
| *Bankbesonderhede:* | *Dankoffers:* | *Absa Mosselbaai, 207 058 0031* | |
| | *Geloofsoffers:* | *Absa Mosselbaai, 207 016 7886* | |